

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Oktober 2015 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Psalm 37:1, 2 (p. 182)

- 1 Vertoorn jou oor die bose nooit: / hul sal verkwyn, hul raak verstrooid  
soos gras wat gou verdor, vergaan, / soos spruitjies wat maar kort bly staan.
- 2 Vertrou op God: die hart en hand / in troue diens aan Hom verpand.  
Verlustig jou in Hom altyd / wat mild'lik gee en nooit verwyf.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 93:1, 4 (p. 470)

- 1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit.  
En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.
- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.  
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 142:1, 3, 4 (p. 686)

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;  
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 3 Na regs wend ek my oë – en / daar's niemand wat my nou wil ken;  
Daar's nou vir my geen toevlug meer, / en niemand sorg vir my, o HEER!
- 4 Wat dan? Ek wend my tot U heen; / U is my skuilplek, U alleen.  
U is, so lank ek leef, my deel, / dié God aan wie ek my beveel.

Gebed

Psalm 73:1, 2 (p. 366)

- 1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.  
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.  
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed  
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.
- 2 Ek het gepeins, diep in my hart / in lewensraaisels lank verward,  
toe 'k moes aanskou met lede oë / hoe boosaards aangroei in vermoë.  
Hul is gesond en lewe lank, / maar ander word van kwellings krank;  
op hulle rus geen ongeluk, / maar ander slyt hul lewe in druk.

**Skriflesing:** Psalm 1 en 73

**Kernverse:** Psalm 73:16-17

**Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë, totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het. (Psalm 73:16-17 AFR53)**

## **Tema:** Net naby die Here kry ons perspektief op ons deurmekaar wêreld

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens Psalm 1 lees, lyk dit of die lewe so eenvoudig kan wees. As 'n mens so begenadig is dat die Here jou ken en Hy jou lewe regeer en jy erken die Here se heerskappy oor jou, dan gaan dit net goed met jou. As 'n mens jou verdiep in die Woord van die Here en jy hou deur die krag van die Heilige Gees vas aan Jesus Christus, kan jy die regte keuse maak. En as jy die regte keuse maak, gaan dit goed met 'n mens. Die mense, aan die ander kant, wat hulle nie aan die Here se heerskappy wil onderwerp nie en in ongeloof hulle lewe lei, kan maar weet dat hulle 'n diep afgrond tegemoet gaan.

Met die onderrig en toerusting wat die Here in Psalm 1 aan ons gee, voel ons of ons die wêreld kan stormloop. Wanneer die Here ons aan sy hand die wêreld instuur, kan niks ons stuit nie. Betree 'n mens die wêreld dan lyk dit nie altyd soos wat ons in Psalm 1 leer nie. Dit gaan in hierdie wêreld nie net altyd goed en voorspoedig met die mens wat sy vertroue in die Here stel nie. Ervaring toon dat die goddelose nie altyd soos kaf is wat maklik deur die wind weggewaai word nie. Dit lyk eerder asof die werklikheid waarmee gelowiges elke dag te doen kry die onderrig in Psalm 1 weerspreek. Dit is oor hierdie ontnugtering en verwarring dat die Heilige Gees ons vanoggend terugbring na die Woord en in die teenwoordigheid van die Here. Ons Here het geweet dat ons verward sal word deur die dinge wat ons in die wêreld beleef. Daarom het Hy vir Asaf gelei om Psalm 73 te skryf.

Asaf het ook Psalm 1, of ten minste die wysheid van Psalm 1, geken. Hy het ook geleer dat wanneer die Here met jou aan die hand op jou lewenspad loop, kan dit net goed gaan met 'n mens. Daarom begin hy:

**Waarlik, God is goed vir Israel, vir die wat rein van hart is.** (Psalm 73:1 AFR53)

Hierdie woorde is nie sommer maar net 'n spreekwoord wat hy gehoor het nie. Met hierdie woorde bely Asaf sy geloof in die Here, die God van Israel. En omdat hy in sy hart oortuig is, bely hy nie net: *God is goed vir Israel*, nie. Hy bely sy geloof in God met die sterkste woorde denkbaar: **Waarlik, God is goed vir Israel**. God is regtig soos wat Hy sê Hy is, Hy is goed vir die mense wat in Hom glo.

Maar, o wee, wat sien ons daar buite in die wêreld raak? Dit wat ons hier in die erediens bely, stem nie ooreen met die gebeure daar buite nie. Ons bely dat God goed is vir die mense wat in Hom glo en die ongelowiges is soos kaf wat net goed is om te vergaan. Maar as ons buite kom, sien ons heeltemal iets anders raak. Ons het nou 'n probleem en die probleem word so groot vir ons dat die belydenis van vers 1 eintlik 'n benoude kreet word: *Regtig, Here, U is mos goed vir die mense wat in U glo, is dit nie so nie?*, want wat ons sien laat dit nie so lyk nie.

Kyk net hoe goed gaan dit met die ongelowiges. Die seën van die Here waarin gelowiges eintlik moet deel, daarin floreer die goddelose mense. Hulle is sterk en gesond. Hulle beleef nie bekommernis nie. Inteendeel, hulle gaan sorgeloos deur die lewe. En die teëspoed wat ons gewone mense tref, daarvan weet hulle niks nie. En tog pleeg hulle geweld. Geweld hang soos klere aan hulle en die trots oor hulle geweld is soos 'n halssnoer om hulle nekke. Verder stook hulle kwaad, hulle laster teen die hemel en beledig links en regs op die aarde. Dit lyk omtrent asof hulle oor die hemel en die aarde regeer. Daar kan niks teen hulle gedoen word nie. En daar is so baie mense wat aan hulle lippe hang. Hulle drink elke woord van hierdie geweldenaars soos water in. Niksvermoedende mense word deur die ongelowiges mislei en dan het hulle nog die vermetelheid om te vra:

## Hoe sou God dit weet? (Psalm 73:11a AFR53)

Broers, susters en kinders, is dit nie maar wat ons ook elke dag raaksien nie? Die mense wat nie 'n flenter vir 'n ander mens omgee nie; dit lyk asof hulle geen swaarkry ken nie. By die meeste mense is hierdie soort mense gewild en populêr. Die mense loop graag agter hulle aan en doen graag wat hierdie mense doen. En daar kan niks teen hierdie geweldenaars ingebring word nie, want die meeste mense is so mislei deur die mooi woordjies van die ongelowiges dat hulle bykans elke keer die ongelowiges se kant kies. Dit lyk omtrent asof hierdie ongelowiges oor die aarde regeer.

En vir ons God, die Almagtige, het hulle geen ontsag nie. Hulle het geen begeerte om die Here te ken nie. Trouens, hulle is daarop uit om die kerk van die Here te verkleineer en 'n bespotting te maak van alles wat heilig is. Die Bybel word deur hulle afgemaak as maar net 'n gewone boek. En met allerhande slimghede uit boeke wat kwansuis so oud is en na bewering sulke wonderlike wysheid bevat mislei hulle 'n hele klomp mense. Dan gaan hulle ook nog so aan asof die Here hulle nie sien en hoor nie.

Wanneer ons hierdie onderstebo wêreld van ons bekyk, verval ons nie in ongeloof nie. Asaf het ook nie sy geloof verloor nie. Hy het net aan die twyfel geraak. Dit is mos wat die Satan die beste doen. Hy kom staan nie voor ons en vloek die Here nie. Dan sou ons mos dadelik die hasepad gekies het en van hom af weggevlug het. Die Satan kom en plant net die saadjie van twyfel. Hy doen dit al van die heel begin af. Hy het nie reguit vir Eva gesê dat die Here vir hulle gelieg het oor die boom van kennis van goed en kwaad nie. Hy laat haar maar net twyfel aan die eintlike woorde van die Here sodat sy self die laaste tree gegee het.

En kyk nou net wat doen twyfel aan 'n mens. Asaf se vertrou in die Here, sy geloofsekerheid en sy gemoedsrus het begin kwyn. Dit het vir hom gevoel asof sy geloofsvoete onder hom uitgely, want hy het die voorspoed van die ongelowiges gesien en afgunstig op hulle geraak. Dit is mos wat met ons ook gebeur. Ons raak jaloers oor die voorspoed wat die ongelowiges beleef omdat dit lyk asof net ons gelowiges die harde kant van die lewe die heelyd teen ons het.

Vir Asaf het dit so erg geword dat hy in 'n krisis beland het. Vir homself het hy gesê: Ek het regtig tevergeefs as 'n gelowige gelewe (Ps 73:13). Tevergeefs het ek van die kwaad af weggebly. Watter sin is daarin om die regte keuse te maak en die Here in alles te dien terwyl die mense wat verkeerd lewe oënskynlik voorpoed geniet? En wat dit nog erger maak, terwyl Asaf opreg in die wet van die Here gewandel het, was dat daar elke liewe dag 'n nuwe teenslag was wat hom getref het.

Ons kom ook naby aan hierdie gevoel wat in Asaf gewoed het, of miskien voel jy net so. Jy begin doelbewus elke dag in die Naam van die Here. Jy onderwerp jouself aan die leiding van die Heilige Gees om die dinge te doen en die keuses te maak wat jy weet die Here tevrede sal stel. En wat kry jy daarvoor? Net slae in die wêreld. Jy het jou werk nougeset en presies gedoen omdat jy weet dat jy nie net vir mense werk nie maar vir die Here. En wat het gebeur? Daardie ongelowige wat met 'n geknoei sy werk gedoen het, het die bevordering voor jou weggeraap. Jy het gedoen wat die regering en die Here van jou verwag, naamlik om korrupsie uit te roei en daarteen op te staan. Maar wat het gebeur toe jy dit aanmeld? Jy is soos 'n misdadiger behandel en die een wat die korrupsie pleeg is nog steeds in die werk. Hierdie dinge is genoeg om te maak dat 'n mens voel: Wat help dit tog om as 'n gelowige te lewe?

Gelukkig, geliefdes, en hiervoor moet ons die Here aanhoudend dank, gaan die ware gelowige nie altyd so ver om soos 'n ongelowige te maak nie. Dit is die Heilige Gees wat ons daarvan weerhou om ons gevoelens van frustrasie uit te blaker en onself aan die frustrasie oor te gee. Asaf het so amper sy gevoel van frustrasie uitgebasuin, maar die Heilige Gees het hom daarvan weerhou. Asaf het sy verantwoordelikheid teenoor die ander gelowiges onthou. As hy sy twyfel in die goedheid van die Here uitgebasuin het, kon hy veroorsaak het dat 'n ander gelowige miskien heeltemal sou tou opgooi.

Maar om so op jou eie met jou gedagtes besig te wees terwyl jy probeer om sin te maak van hierdie omgekeerde wêreld van ons, bring jou ook nie ver nie. Asaf sê dat sy eie besig wees om begrip van hierdie dinge te kry hom niks in die sak gebring het nie behalwe moeite en verdriet (Ps 73:16). En dit is die moeilikheid met baie van ons. Wanneer ons in so 'n krisis beland en nie kan begryp hoe dit kan wees dat die ongelowiges so voorspoedig is terwyl ons net die skerp kant van die lewe teen ons het nie, is ons geneig om onself terug te trek. Ons onttrek onself uit die gemeenskap van die gelowiges uit, ons bly weg van die eredienste, en ons lees nie meer Bybel nie en bid ongereeld. Want, dink ons by onself, wat help dit tog om as 'n gelowige te lewe. En die verdriet van dit alles: Ons kry nie begrip van die deurmekaar wêreld nie. Ons spekuleer oor God en sy doen en late, want ons wil dit met ons eie klein verstandjies verstaan, maar ons kry dit ook nie reg nie.

Asaf sê dat hy moeite en verdriet gehad het om sy deurmekaar wêreld te verstaan totdat hy in die heiligdomme van God ingegaan het en gesien het wat die einde van die ongelowiges is. Die Heilige Gees het Asaf daarvan weerhou om sy frustrasie uit te basuin, maar dit is nie al wat die Heilige Gees gedoen het nie. Hy het Asaf ook daaraan herinner dat hy deel van 'n geloofsgemeenskap is en dit bring hom daartoe om sy hulp en raad by God te soek. Dit is in die tempel waar hy perspektief gekry het. Dit is na die tempel waarheen God sy kinders geroep het om Hom en ander gelowiges te ontmoet sodat hulle die Woord van God kan hoor en met lof en aanbidding en selfopoffering die Here kan antwoord.

Wanneer 'n mens op jou eie spekuleer oor God se werke en woorde, verloor ons perspektief en die dinge wil maar net nie behoorlik inpas nie. Maar wanneer die Heilige Gees ons op ons plek en verantwoordelikheid wys en ons keer terug na die Godgesentreerde gemeenskap toe, hier in die kerk van die Here, dan val die dinge wat pla en ons deurmekaar maak in plek. In sy Woord maak die Here Hom en sy werk aan ons bekend. Ons hoef nie oor Hom te spekuleer nie. Hy sê steeds vir ons dat Hy goed is vir die wat in Hom glo. Maar Hy sê ook wat die verwarring en onrus by ons veroorsaak. Dit is die sonde. Die sonde van die goddelose mense laat hulle seëvier in die wêreld. Ons eie sonde maak dat ons jaloers raak op die ongelowiges en in vertwyfeling kom oor God se goedheid. Maar dan bring die Heilige Gees vir ons die perspektief.

In Jesus Christus het God sy heiligdom tot op die aarde gebring. Jesus Christus het jou en my sondes op Hom geneem en Homself aan die kruis laat vasspyker daarvoor. Oënskynlik het die ongelowiges daar by Golgota ook geseëvier, want Jesus het gesterf en hulle het bly lewe. Maar Jesus het gesterf om vir gelowiges se sonde te betaal. En omdat Hy volledig betaal het, het Hy uit die dood opgestaan om alle bose magte te oorwin. Nou weet ons Jesus leef! En Hy kom weer na hierdie wêreld terug. En as Hy kom, sal elke liewe mens voor sy regterstoel verskyn en rekenskap van sy dade moet gee. Wat gebeur dan met die ongelowige mense wat oënskynlik geen einde aan hulle aardse voorspoed geken het nie? Hulle verdwyn soos 'n droom wanneer 'n mens wakker word.

Wanneer ons dit hoor, dan besef ons saam met Asaf: Ja, die Here laat die ongelowiges regtig op gladde plekke loop. Waar ons aanvanklik gevoel het asof ons voete onder ons wil uitgly, is dit eintlik die ongelowiges wat op 'n gladde pad na hulle einde spoed. Die ongelowiges se suksesverhale wat blykbaar geen laagtepunt het nie, kom op die laaste dag skielik tot 'n einde.

En nou kry ons skaam, want die Heilige Gees wys ook vir ons, soos Hy vir Asaf gewys het, hoe dom ons was om enigsins aan die goedheid van God te twyfel. Ons kan verstaan dat Asaf ongelukkig geraak het omdat hy swaarkry, terwyl die goddelose floreer. En saam met Asaf besef ons dat dit sinneloos is om op die ongelowiges jaloers te wees. Dit is dwaas om onself te bejammer omdat die goddelose voorspoed beleef en ons die teenslae kry. Want hier in die geloofsgemeenskap van die Here waar Hy met ons praat, kom al die feite in fokus. Selfs in ons donkerste oomblikke was die Here nog heelyd by ons. Omdat Hy ons so liefhet dat Hy sy enigste Seun vir ons aan die kruis geoffer het, wil en sal Hy ons nooit alleen laat nie. Met sy Gees in ons vat Hy ons aan die hand, lei Hy ons in sy raad en uiteindelik bring Hy ons in die heerlijkheid wat Hy vir ons bestem het.

Ware voorspoed is nie regtig die voorspoed wat die goddelose hier op aarde beleef nie. Hulle voorspoed is maar van korte duur – net hulle lewe lank. In ons mense se oë mag dit miskien lyk asof hulle oor die aarde regeer en selfs seggenskap oor die hemel het. Maar inderwaarheid is daar vir ons in die hemel en op aarde niks wat meer beteken as om die Here as ons God te hê nie. Hy regeer vandag en môre tot in ewigheid en sy reg en sy waarheid sal seëvier. Daarom is dit goed om naby God te wees. By Hom kry ons perspektief op ons deurmekaar wêreld.

En as die Here ons vanoggend met sy seën weer die wêreld instuur, gaan ons Hom prys. Ons neem ons voor om nie weer met afguns en jaloerie vervul te word oor die goddelose se oënskynlike voorspoed nie. Ons gaan eerder teenoor hulle getuig van die goedheid van die Here; ons wil getuig van die wonderlike rykdom wat sy teenwoordigheid ons bied. Ook die mense wat ons in die grond in wil trap om hulle voorspoed te verseker, moet hoor dat hulle rykdom en voorspoed maar net 'n droombeeld is en dat hulle hulle lewe by God in Jesus Christus moet soek.

Geliefde gemeente van Jesus Christus, in die teenwoordigheid van die Here kry ons nie al die antwoorde op ons vrae oor ons deurmekaar wêreld nie. Maar ons kry perspektief op ons deurmekaar wêreld en daarom kan ons die Here met ons hele lewe loof en prys.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 73:7, 12 (p. 368)

- 7 Maar nou, hoe anders is dit my! / Gods heiligdomme ingelei,  
straal my 'n ander ligglans teë; / ek sien hul end ... dis gladde weë  
waarop die HEER die voet laat gaan / van boosaards wat Hom trots weerstaan.  
Hul wankel al om neer te stort – / 'n bouwerk wat 'n puinhoop word.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.  
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.  
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.  
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
11 Oktober 2015